# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

10 November 2025

Uitgawe 36



**Vers vir die week:**

Romeine 8:31,37

"God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet."

## Uit die hoof se kantoor:

Die toetsreeks begin Dinsdag vir al die intermediêre fase leerders. Ek glo voorbereiding is al deeglik gedoen! Die Graad 7's is al 'n rukkie besig, maar hulle voltooi hul toetsreeks saam met die res van die leerders. Die skool kom van vandag af om 12:00 uit, met buite-kurrikulêre oefening wat nie later as 13:00 vir Gr. 4 – 7 leerders plaasvind nie. Die o/8- en o/9-rugbyspanne (wat nie nou toetsreeks skryf nie) oefen van 13:00 – 14:00 op Maandae tot Donderdae. 'n Volledige rooster sal in hierdie nuusbrief, asook op die groepe verskyn. Maak asseblief seker wie oefen wanneer.

Maandae en Woensdae vind kooroefening plaas van 12:00 – 13:00. Indien van die sportleerders in die koor sing, geniet die kooroefening Maandae en Woensdae voorkeur en moet hulle op daardie dae by die kooroefenening aanmeld. Hierdie program gaan gevolg word tot 21 November 2025. Vanaf Maandag, 24 November 2025, sal 'n nuwe buitemuurserooster gevolg word soos met u gekommunikeer in ons skrywe van 4 November 2025.

Baie sterkte met die eksamen en onthou 'n goeie begin is halfpad gewin!

Mnr Gerhard Engelbrecht



# AKADEMIE

## Uitsonderlike Prestasie!

Arielle Romanschuk het aan die Tshwane North Spellathon-kompetisie deelgeneem en eerste plek behaal uit meer as 4000 Graad 3 Afrikaanssprekende leerders – 'n ongelooflike prestasie!

Matthew Wait het die skool met trots by die Numeracy en Mental Maths-kompetisie verteenwoordig en het 'n uitstekende 80 % behaal.

Beide leerders het 'n sertifikaat en trofee vir hul harde werk en toewyding ontvang.

Ons is uiters trots op Arielle en Matthew se puik prestasies en hul volgehoue strewe na uitnemendheid!






# RADIKALE REDENAARS

<u>Nasionale Finaal 2025</u>

Op 18 Oktober 2025 het twee van ons talentvolle leerders aan die Radikale Redenaars Nasionale Finaal deelgeneem. Hulle het met trots en selfvertroue ons skool verteenwoordig en uitstekende redenaarsvaardighede getoon. Hierdie prestasie is 'n bewys van hul harde werk, deursettingsvermoë en liefde vir die Afrikaanse taal.

Cara behaal 'n 2de plek en Rohan behaal 'n 4de plek.






# 7's-RUGBY

<u>Voorpos 7's-spanne sluit die seisoen met trots af!</u>

Ons 7's-seuns het die naweek hul seisoen op 'n hoogtepunt beëindig met 'n puik 7's-dag by Cornwall Hill. Beide ons o/11- en o/12-spanne het in baie sterk groepe gespeel, maar hul deursettingsvermoë en gees was rmerkbaar.

Die o/11-span, wat uit 'n meerderheid o/10-seuns bestaan, het teen 'n sterk groep te staan gekom. Tog het hulle puik rugby gespeel teen groter en ouer opponente en met karakter deurgedruk om uiteindelik 7de te eindig. 'n Fantastiese prestasie vir 'n jong groep manne!

Ons o/12-span, waarin daar ook heelwat o/11-seuns speel, het net sulke sterk teenstaanders gehad. Die seuns het vasgebyt, mooi strukturele 7's-rugby gespeel en die dag afgesluit in 'n trotse 5de plek.





Ons is ongelooflik trots op elke speler – op die harde werk, die otwikkeling deur die seisoen en die manier waarop hulle Voorpos se naam met trots gedra het. Baie dankie aan die afrigters en ouers vir die ondersteuning. Ons sien uit na volgende jaar se 7's met die opkomende rugbysterre.

Voorpos is trots op julle, manne!

# 0/8-RUGBY

Ons o/8-rugbymanne het Vrydag, 7 November, aan hul tweede rugbydag deelgeneem en watter indrukwekkende vertoning was dit nie! Die jong manne het hulself uitstekend bewys teen baie sterk kompetisie en gewys wat harde werk en deursettingsvermoë regtig beteken.

Voor die reën uitgesak het, het die seuns drie van hul vier wedstryde voltooi. In elke wedstryd het hulle met groot hart, durf en mooi spanwerk gespeel teen skole soos Magalieskruin, Anton van Wouw en Die Poort.

Ons is ongelooflik trots op hierdie groep seuns. Hulle verbeter elke week, speel met passie en dra Voorpos se naam met trots. Ons sien uit na hul derde toernooi op Vrydag, 14 November, waar die manne weer hul beste gaan gee.

Welgedaan, manne! Julle maak ons trots!













# VLR 2026

Die jaarlikse VLR-verkiesing het plaasgevind tussen 13 Oktober 2025 en 24 Oktober 2025 en soos gebruiklik is die beleidsproses gevolg om 'n uitslag te bepaal. Ons Gr. 6-leerders is in my oë almal leiers en sommige van hulle gaan nog diep spore in die Hoërskool trap. Wat ons verkose leiers betref is ons baie trots op hulle en glo ons dat hulle die verantwoordelikheid wat op hulle skouers geplaas is, met onderskeiding gaan uitleef.

Baie geluk.











## VLR 2026

- Amori Bisschoff
- Leandri Botha
- Keegan Brand
- Zené Brazer
- Alyssa Cloete
- Shiloh Combrink
- William Daries
- Ayden Day
- Kaylee De Beer
- Markus Du Toit
- Juandré Ellis
- Janu Feuth
- Aerin Frost
- Eugene Genis
- Richter Grobler
- Eben Jansen van Rensburg
- Dian Joubert
- Anika Liebenberg
- Daniël Metz
- Etienne Nel
- Carli Oosthuizen
- Abigail Read
- Melize Rossouw
- Ceanna Stander
- Francois Stanton
- Mieke Steyn
- Liam Swart
- Kiara Terblanche
- Handré Van Niekerk
- Olivia Van Zyl
- Amelie Venter
- Lumé Viktor
- Isabelle Vorster

# TOETSREEKS: ROOSTER

## Toetsreeks: November 2025

| DAG / DATUM | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| Dinsdag, 4 Nov | Afr (Skryfwerk) | Afr (Skryfwerk) | Afr (Skryfwerk) | Teg<br>Afr (Skryfwerk) |
| Donderdag, 6 Nov | Eng (Writing) | Eng (Writing) | Eng (Writing) | EBW<br>Eng (Writing) |
| Dinsdag, 11 Nov | PSW | Aard | Aard | NW |
| Woensdag, 12 Nov | Afr | Afr | Afr | Afr |
| Donderdag, 13 Nov | Aard | Eng | Eng | Gesk |
| Vrydag, 14 Nov | Wisk (1) | Wisk (1) | Wisk (1) | Wisk (1) |
| Maandag, 17 Nov | Wisk (2) | Wisk (2) | Wisk (2) | Aard |
| Dinsdag, 18 Nov | NW/T | NW/T | NW/T | LO |
| Woensdag, 19 Nov | Eng | Gesk | Gesk | Wisk (2) |
| Donderdag, 20 Nov | Gesk | PSW | PSW | Eng |
| Vrydag, 21 Nov | | | | KK |

# BUITEMUURS: ROOSTER

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| 12:00 – 13:00 | Koor: Voorkeur | Netbal: Alle ouderdomme | Koor: Voorkeur | Atletiek |
| | Atletiek: Geen koorlede by oefening nie | Rugby: o/10 tot by oopspanne | Netbal: Alle ouderdomme, geen koorlede by oefening nie | |
| | | Atletiek: Geen netbal- en rugbyspelers by oefening nie | Rugby: o/10 tot by oopspanne, geen koorlede by oefening nie | |
| | | | Atletiek: Geen netbal- en rugbyspelers, asook koorlede by oefening nie | |
| 13:00 – 14:00 | Rugby: o/8 en o/9 | Rugby: o/8 en o/9 | Rugby: o/8 en o/9 | Rugby: o/8 en o/9 |

# BELANGRIKE DATUMS

| DATUM | GRAAD | WAT? |
|---|---|---|
| 21/24/25 Nov | Gr. 3 na Gr. 4 | Oorbrugging |
| 25 Nov | Gr. R | Gradeplegtigheid (07:30) |
| 26 Nov | Gr. 1 | Meriete-oggend (07:30) |
| 27 Nov | Gr. 2 | Meriete-oggend (07:30) |
| 28 Nov | Gr. 3 | Meriete-oggend (07:30) |
| 1 Des | Gr. 4 | Meriete-oggend (07:30) |
| 2 Des | Gr. 5 en 6 | Meriete-oggend (07:30) |
| 3 Des | Gr. 7 | Meriete-oggend (07:30) |
| 4 Des | Slegs op uitnodiging | Vorie Prestige-aand |


NG WAVERLEY
KERSSANGDIENS
SAAM MET MOOT KANTATE
16 NOVEMBER 18:30
Die LIG kom
na die wêreld
1249 CUNNINGHAM LAAN WAVERLEY, PRETORIA

# ADVERTENSIES

